## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## ACIM Donderdagaande 7pm @ Kolping
## Vredelust: 7 Aug. — Stad: 12 Aug.

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail______________________________ Sel____________________

Woonadres

______________________________________________

### ADRES

*Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg* — tweede straat regs is:

**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

**Bankrekening vir bydraes**
**FNB: Wysheidsirkel**
Takkode: **201-409**
Rekening: **551 601 09804**

BAIE DANKIE
Ons vra 'n maandelikse bydrae
hetsy per koevert of per EFT
Groot ASSEBLIEF en DANKIE



# Neo-Spektrum
## 4 Augustus 2013
## DIE GOUE REËL:
## LIEFDE, RESPEK EN VERDRAAGSAAMHEID

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Fairytale — Ludovico Einaudi ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Kenner en Skepper van elke mens,
Inspirasie en Hart van alles wat ons voel en ervaar.
U wat toekyk oor ons deugde en ons teleurstellings.
U is die Ewige, die Oneindige —
U is vry van alle name en vorme en verandering,
vry van kenmerke en definisies.
In U ontmoet ryk en arm, goed en sleg.
U uitstraling is van 'n ewigdurende Lig;
elke lewende wese is 'n ligstraal van U —
U is die skepping van die heelal,
U is die lewe van die onsterflikheid
ons is die strale van U ewige son, ons leef en beweeg in U,
alle vrees is ons illusie dat ons los is van U.
U is die Lewe self en manifesteer in die kleed
wat U vir elke mens se siel aantrek.
Elke gelowige verklaar U grootheid
in die Heilige kennis wat U aan ons openbaar.
Al die heiliges en leermeesters en mistieke siele
wat die Weg gevind het, soek na U, O Heer
want denke en gedagtes openbaar ons onkunde
dat U in alles bestaan as Een in die Eenheid van die Geheel.
in U O God roep ons U aan — Heilige Liefde, Almagtige Lewe!
Hierin berus ons. Hierin word ons stil.

**- STILTETYD -**

# VOOROORDELE A.G.V. VREES & SKULD

## SPIRITUALITEIT GEWEEF IN SEKSUALITEIT

I'm often asked, *"What's the purpose of life?"* But truthfully, no matter who or what you are that's a pretty daunting question. So daunting, I'm invariably compelled to reply with a few questions of my own: *"Do you mean besides having fun? Besides learning that the world has always spun in the palm of your hand? Besides bicycles, long walks, and hot chocolate? Besides holding hands, giving hugs, and drying tears? Besides having a dream and making it come true? Besides honey, Sundays, and friends? Besides witness-ing miracles that only you are privy to? Besides sunrises, sunsets, and every rare and fleeting moment in between?"* Daunting is an understatement.

(Tao of Pooh — Benjamin Hoff)

==========================================================

God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. 17God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. **(Johannes 3:16-17)**

**— en wat moet ons doen om van 'sonde' gered te word?**

**... ek sal die Here God liefhê met my hele hart en my hele siel en met my hele verstand en ek sal my naaste liefhê soos myself. (Matt 22:37-39)**

RESPEK: *"Maar die wysheid wat van bo kom, is allereers sonder bybedoe-lings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, sonder skynheiligheid. Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak."* (Jakobus 3:17-18)

VERDRAAGSAAMHEID: *"Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word.* (Matteus 7:1)

GESAMENTLIKE DOEL: *"Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing." (Galasiërs 5:22)*

==========================================================

*"I have made a decision. I will no longer debate the issue of homosexuality in the church with anyone. I will no longer engage the biblical ignorance that emanates from so many right-wing Christians about how the Bible condemns homosexuality, as if that point of view still has any credibility. I will no longer discuss with them or listen to them tell me how homosexuality is 'an abomination to God,' about how homosexuality is a 'chosen lifestyle,' or about how through prayer and 'spiritual counselling' homosexual persons can be 'cured.' Those arguments are no longer worthy of my time or energy......" (John Shelby Spong)*

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ WALK — LUDOVICO EINAUDI ~

---

# HERINNERING EN SEËNBEDE

Ons Vader — U is wat ons lewe en ons liefde is,
die fontein van als waarvan ons bewus en selfs onbewus is ...
U wat alomteenwoordig is in elke vibrasie van vorm en energie —
U Koninkryk is die omtrek van die Hemelse Bewussyn, daarom word
U naam verheerlik op Aarde en roep ons U aan as **"HEILIG!"**
Wys ons vandag hoe om ons aardse bewussyn te kultiveer deur ons
materiële bewussyn oor te gee aan U kosmiese bewussyn
sodat U Goddelikheid in elke aspek van ons lewe sigbaar sal wees.
Laat U Koninkryk kom in die domein van ons siel.
Daardie aspek van U wat <u>IN</u> ons is ...
Gee ons vandag ons daagliks brood: die fisiese, verstandelike en geestelike manna
om ons **liggame**; **gedagtes** en **siel** te voed sodat ons daardeur versterk sal word
om die oorvloed van U brood *(geloof, hoop, liefde)* uit te leef.
Vergewe ons, ons foute en leer ons om ander wat teen ons fouteer
nie te veroordeel nie want dan is daar niks om te vergewe nie.
Leer ons vergiffenis — en vergewe ons, ons geheueverlies
dat ons vergeet het dat ons alles wat ons het en alles wat ons is, is U.
Lei ons wanneer ons in versoeking kom en wees, O Heer,
altyd groter as ons grootste versoeking sodat ons U sal kies
en nie die put van ons eie obsessies; persepsies; en begeertes nie.
Leer ons om na onsself te kyk sodat ons beter reisgenote sal wees vir ons
ewemens en sodoende hierdie planeet van U sal versorg; sal beskerm
en sal gaan heel maak waar ons dit reeds verwoes het.
Want U Koninkryk is IN ons
en dit is die Heilige Teenwoordigheid van Jesus Christus.
Want aan U kom toe ons eer; ons lof en ons aanbidding.
Want van U kom die krag en heerlikheid van nou af tot in alle Ewigheid.
AMEN

---

# IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ NOVELO BLANCHE — LUDOVICO EINAUDI ~